Geagte Ouers/Voogde

Dit is met groot opgewondenheid dat ons u graag formeel in kennis stel oor ons beplande graadkamp. Die kamp vind vanaf **Donderdag, 29 September 2022** tot en met **Vrydag, 30 September 2022** plaas.

Met die dat die pandemie ons gestuit het om hierdie soort inisiatiewe aan te bied, is ons werklik bevoorreg om die leiers en matrieks van 2023 op hierdie uitstappie te neem om hul gereed en opgewonde te kry vir die wonderlike matriekjaar wat voorlê.

Ons vertrek die **Donderdagoggend om 7:30** vanaf die skool en slaap slegs die een aand oor en sal die **Vrydagoggend teen 11:00** terug wees by die skool.

Die kamp vind plaas te ***True North Experiences*** in Durbanville en dit beloof om ’n dag vol geesvang en pret te wees; een wat werklik ‘n eenheid en band tussen die leerders sal bou!

Die nodige vrywaringsvorm word aangeheg by hierdie brief wat terugbesorg moet word aan me. Steyn of mnr. Geldenhuys teen **Vrydag, 23 September.**

Ons heg ook die lys van benodighede aan. Lees asseblief noukeurig deur beide dokumente en skakel ons gerus met enige navrae of versoeke.

Baie dankie by voorbaat vir u moeite en toewyding vir die matriekjaar wat voorlê.

Ons sien daarna uit om die leerders te sien ontwikkel en om hul verskil in ons skool en gemeenskap te sien.

Vriendelike groete

**Me. Huibrecht Steyn (Graadhoof) en mnr. Geruan Geldenhuys (Assistent-graadhoof)**